


# KINDERWERKKAART

1 Kor. 10: 16-18 & 1 Kor. 11: 17-26

---

## EEN met Christus – EEN met mekaar



## OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **Korintiërs 10: 16 – 18 en 11: 17-26** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
  - Lê by jou kind vas dat gelowiges Christus nodig het, maar ook mede-gelowiges.
  - Ons verlang nie net daarna om terug te gaan na ons kerk gebou nie, maar ons verlang daarna om met ons mede-gelowiges te meng.
  - Ons het ons mede-gelowiges nodig om ons te help om op die regte pad te bly, te groei in ons geloof en ondersteuning en onderskraging te kry in moeilike tye en goeie tye te vier.
  - Ons moet nie kerk toe kom om te sien wie het die mooiste aangetrek, of te skinder oor die een wat nie daar is nie, of net omdat ons ouers sê ons moet dit doen nie – ons moet dit doen omdat ons 'n behoefte in ons hart het om in God se teenwoordigheid te wees, saam met ander mense wat dieselfde glo en leef as ons.
  - Dis soms moeilik in vandag se lewe om te leef soos God van ons verwag, want mense oordeel ons en spot jou selfs, maar as ons tussen ons mede-gelowiges is, is ons op 'n veilige plek, tussen mense waarmee ons een kan wees omdat hulle ook glo en doen soos ons.
- 
- **Sing saam Lied 164 – “Ons is almal hier tesaam”**

### LIED 164

Ons is almal hier tesaam

Vergader in sy Naam

Verheerlik Hom

Tot die dood was Hy getrou

En daardeur is ons nou sy eiendom

Laat ons maak soos Hy ons sê

Mekaar steeds lief te hê

En Hom bo alles eer

Loof Hom, Christus, die Heer

# Werkkaart vir al die kinders.

## Gesels lekker met jou kinders oor die onderwerp terwyl julle werk

Help die maatjies om hierdie baie maklike koekies te bak.

Dit is n baie maklike resep met min bestandele.

Terwyl julle hierdie aktiwiteit doen, probeer om almal in die gesin te betrek.

- 'n Gesin is ook n gemeenskap van gelowiges in die klein, en gesels met die kinders oor hoe lekker dit is om dinge te doen saam met mense wat dieselfde glo as jy en dieselfde leef as jy.
- Verduidelik ook aan hulle dat, net soos die bestandele van die koekie, ons almal 'n belangrike rol speel in ons kerk en tussen ons mede-gelowiges.
- As ons al die bestandele saam meng en bak, maak dit 'n baie lekker koekie, maar as ons probeer om elke bestandele op sy eie te bak, gaan dit nie werk nie en net 'n gemors wees wat ons nie kan gebruik nie.
- Net so, is dit wat met ons kan gebeur as ons dink ons kan ons geloof op ons eie uitleef :
  - op ons eie lyk dit aanvanklik asof ons geen probleem het nie (soos die botter wat in die botterbakkie is), maar wanneer die lewe moeilik raak, kan ons dit nie meer alleen hanteer nie, en raak jy maklik die pad byster as daar niemand is wat jou kan ondersteun en jou geloof sterk hou nie (net soos die botter gaan smelt in 'n olierige gemors in as ons dit alleen bak in die oond)
  - Maar daai selfde botter, as ons dit met die ander bestandele meng, maak 'n heerlike koekie as ons dit bak – net soos wat ons beter en sterker anderkant uitkom as ons die ondersteuning van mede-gelowiges in ons lewens het.

### RESEP (Eat-some-more koekies)

**5 koppies koekmeel**

**1 koppie versiersuiker**

**500g botter / margarien (sag, maar nie gesmelt nie)**

**Meng alles goed saam.**

**Vorm klein balletjies.**

**Plaas op bakplaat en druk plat met 'n vurk.**

**Bak vir ongeveer 15min by 180 °C, of tot ligbruin.**





shutterstock.com • 199888937



**NEEM 'N PAAR FOTO'S VAN JULLE  
TERWYL JULLE BAK ASOOK JULLE  
EINDRESULTAAT EN STUUR DIE VIR  
THOMAS VENTER SODAT ONS DIT OP  
DIE KERK SE WEBBLAD KAN PLAAS VIR  
DIE GEMEENTE OM TE SIEN.**

**[thomasv@live.co.za](mailto:thomasv@live.co.za) of**

**Whatsapp na 0740494434**

